# Durbanville Heuwels - 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Sportman's Warehouse na Majik woud 1 en 2 | **DATUM:** | 13 Junie 2026 |

**KOMMENTAAR**

'n Groep van 11 stapmaats ontmoet 07h30 by Sportman's Warehouse in Bellville. Ons verwelkom 4 nuwe stappers en stel onsself voor aan mekaar. Die stap begin met 83 trappies oppad na die Tygerberg Waterfront. Hier swenk ons regs en stap verby die meer en restaurante oppad na die veldpaadjie verby die ou tronk terrasse. Doordekraal dam is propvol water en lyk pragtig in die oggendlig. Ons kruis Jip de Jager-rylaan en stap deur Majik woud 1 verby die nuwe waterkanale. Aan die bopunt swaai ons regs en stap 'n lekker bult uit totdat ons Majik woud 2 bereik. Nog 'n stewige lang bult bring ons by die draaipunt en ons span uit vir 'n lekker breek en verfrissings. Na 'n lekker rustige kuier pak ons die terugtog aan. Die uitsigte oor die Bolandse berge is pragtig, asook die varkblomme wat begin kop uitsteek. Ons stap deur die bos-gedeelte van Majik woud en bereik weer Doordekraal dam en Tygerberg Waterfront. Teen ongeveer 11h30 is ons veilig terug by die motors.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Alana van Rensburg | 075/2026 | 15 | 100 | |
| Annamarie Viljoen | 214/2026 | 15 | 100 | |
| Ashley Boberg | Nie-lid | 15 | 100 | |
| Cluette Cloete | 202/2026 | 15 | 100 | |
| Debbie Daling | Nie-lid | 8 | 100 | Vroee afdraai |
| Hannelie Labuschaigne | Nie-lid | 15 | 100 | |
| Miranda Myburg | 092/2026 | 15 | 100 | |
| Rudi Burger | 099/2026 | 15 | 100 | |
| Theo Marais | 151/2026 | 15 | 100 | |
| Kobus Terblanche | 041/2026 | 15 | 100 | |
| Edna Terblanche | 040/2026 | 15 | 100 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **158** | **1100** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Edna se eie Noodhulp sakkie |
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen noodhulp benodig nie |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Edna Terblanche |